



Transkripsiediens

1 STRENG WOORDELIKSE TRANSKRIPSIE

Streng woordelike transkripsie sluit al die vullers, herhalings en mislukte beginpogings in wat by intelligente woordelike transkripsie uitgelaat word. Hierdie opsie bied meer duidelikheid en insig in wat die spreker gesê het omdat dit presies uitbeeld hoe die persoon gepraat het. As 'n verweerder in hofverrigtinge byvoorbeeld gevra word "Het jy die kamera gesteel?", sal 'n streng woordelike transkripsie lees "Umm, uh, nee" teenoor 'n intelligente woordelike transkripsie wat sal lees "Nee". Indien vereis, sal ander nieverbale besonderhede soos luiende telefone, 'n gehoes, keelskoonmakery, ens. ook ingesluit word.

2 INTELLIGENTE WOORDELIKSE TRANSKRIPSIE

Wanneer ons praat, is ons geneig om ons gedagtegang te onderbreek, woorde te herhaal en vullers soos *umm* en *jy weet* te gebruik terwyl ons sukkel om die regte manier te vind om onself uit te druk. Met intelligente woordelike transkripsie word al hierdie ontoepaslike inligting verwyder, wat die leesbaarheid van jou transkripsie verhoog. Veranderinge word nie aan taalfoute, aan wat gesê is of aan enige betekenis of idees gemaak nie.

KONTAK ONS

Indien jy 'n transkribeerder nodig het, kontak ons vandag by 021 808 4184, of stuur 'n e-pos aan Deidre by deidreduvenage@sun.ac.za.

WAT KAN JY VERWAG?

Vertroulikheid

Al ons transkribeerders onderteken 'n nie-openbaringsooreenkoms. Alle audio-opnames word met die hoogste vertroulikheid hanteer en die inhoud van jou opnames of deelnemers se identiteit sal op geen stadium bekend gemaak word nie.

Omkeertyd

Die omkeertyd sal afhang van die gehalte van jou audio-opname asook die aantal sprekers of deelnemers. Die tydsraamwerk vir 'n duidelik hoorbare een uur lange opname met twee sprekers is byvoorbeeld in die algemeen tussen drie en vier werksdae.

Oudiogehalte

'n Opname van goeie gehalte sonder uitermatige agtergrondgeraas sal tot 'n meer akkurate transkripsie gelewer binne 'n korter tydsraamwerk lei.

WENKE vir beter oudiogehalte

- Kies 'n stil omgewing vir die opname.
- Beperk agtergrondgeraas, soos koppies wat klingel, telefone wat lui en papiere wat rondgeskuif word, tot die minimum – veral naby die mikrofoon.
- Vra sprekers of deelnemers om na die mikrofoon te praat en om duidelik te praat.
- Vra sprekers of deelnemers om nie gelyktydig te praat nie.
- Wanneer veelvuldige sprekers opgeneem word, byvoorbeeld by vergaderings, is dit ideaal dat die sprekers hul naam en posisie of rol aan die begin van die opname sê. Dit help die transkribeerder om te weet wie praat.
- Toets die toerusting deur van verskillende afstande van die mikrofoon af en teen verskillende volumes te praat. Luister daarna om te bepaal of jy die spreker duidelik kan hoor. Gebruik hierdie inligting om die mense wat jy gaan opneem, te posisioneer.